

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOIEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSdatum:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNUMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

9.3

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:

Port Elizabeth

Titel van Projek:

Gemeenskapsontwikkeling AOH

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Liesel du Plessis
Posadres:	Anchor of Hope Community Development Edward Straat 1, Richmond Hill, Port Elizabeth
E-pos:	admin@anchorofhope.org.za
Faks:	041 585 3700 (AoHCD Kantoor – Dian Roux)
Tel. (k):	041 585 3700 (AoHCD Kantoor – Dian Roux)
Tel (h):	0826557577 (L du Plessis) 084 261 8501 (G Noeth)
Selfoon:	0826557577 (L du Plessis) 084 261 8501 (G Noeth)




Handtekening Projekvoorsteller

29 September 2025

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) Danie de Jogh, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van PE, dat hierdie projek op 4 September 2025 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.



Handtekening Voorsitter / Skriba

30/09/2025

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Om as gemeente van die Ring van Port Elizabeth, die Woord van die Here te bring aan die multikulturele gemeenskap in Sentraal/Richmond Hill en omgewing deur gasvryheid te bewys aan vreemdelinge (mense van ander tale, rasse, kulture en herkoms) deur hul in te nooi in die huisgesin van God / familie van Christus. Die minder bevoorregtes te ondersteun met praktiese lewens- en tegniese vaardighede, opleiding en ondersteuningsdienste wat hulle beter sal toerus om in hul eie basiese behoeftes en lewens middele te voorsien; en om gemarginaliseerdes te help om 'n tuiste te vind en hul potensiaal in Christus te ontdek. Uiteindelik is ons doel ook dat nuwe gelowiges dan deur die gemeente dissipel sal word om ook hul gewas en roeping in Christus te ontdek en uit te kan leef.

Projek fokus

- a) Rekenaar klasse.
- b) Naaldwerk klasse
- c) Engelse klasse aan anderstalige vreemdelinge.
- d) Hulp met die verkryging van leerling- en motor bestuurs lisensies
- e) Geletterdheidsklasse en ondersteuning van skoling te verbeter.
- f) "Amended Senior Certificate" vir Matrieks (benodig vrywilligers om met matriek vakke te help)
- g) Kookklasse / demonstrasies (op ad hoc basis)
- h) Lewensvaardighede bv Work for a living van Siysibenza wat help om mense voor te berei vir werksonderhoude en om werk op 'n etiese manier te doen (ad hoc) .
- i) Praktiese hulp bv opstel van CVs, voorbereiding vir, onderhoude, ens.
- j) Dien as gemeenskapsentrum / hulpbron (fotostate, internet dienste) op versoek.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

a) Inisieerders: Ring van Port Elizabeth en Anchor of Hope Community Development

Die Ring van Port Elizabeth het gehelp met die inisiering van AoHCD.

Direksie

Volgens AoHCD se Memorandum of Incorporation is die direkteurs samestelling as volg:

The Company has 5 director(s) and 3 alternate director(s), to be appointed in the following manner:

3 directors from Dutch Reform Church Anchor of Hope, Port Elizabeth
2 directors from the congregations of the "Circuit of PE Dutch Reform Churches"

The power of appointment lies with:

- (i) the Church Board of DRC Anchor of Hope with regard to nomination and replacement of 3 directors
- ii) Circuit of PE Dutch Reform Churches" with regard to the nomination and replacement of 2 directors from congregations within the circuit

Die Direksie bestaan tans uit die volgende lede

- Gillie Noeth (Ringsbenoeming)
- Marinda Noeth (AoH gemeentebenoeming)
- Christina Ndlovu (AoH gemeentebenoeming)
- Macyleen Maboi (AoH gemeentebenoeming)
- Liesel du Plessis (Ringsbenoeming)

b) Betrokkenheid van die Ring by AoHCD

Die Ring se volgehoue belangstelling en finansiële bydrae stel AoHCD in staat om hierdie multi kulturele werk te onderneem en om minderbevoorregte Suid Afrikaners en immigrante van 'n aantal lande, uit verskillende bevolkingsgroepe en tale uit Afrika, van verskillende geloofsoortuigings en denominasies met Christus se liefde te bedien.

Ringsgemeentes is nie regtig fisies betrokke by hierdie multi-en kruiskulturele projek nie. AoHCD het behoefte aan vrywilliges uit gemeentes wat by projekte betrokke kan raak waartoe die Here hul roep en om hande te neem met AoH wat oor baie beperkte kapasiteit binne die gemeente beskik.

Voordele vir die Ring van Port Elizabeth

- o Gemeentes word die geleentheid gebied om kruiskultureel uit te reik na mense van alle nasies binne 'n beskermde en veilige omgewing binne die mure van die kerk
- o Sodanige ondervinding wat by AoHCD opgedoen word kan van onskatbare waarde wees binne ook ander gemeentes
- o Groter samewerking tussen NGK gemeentes en vrywilliges van ander denominasies.
- o Gemeentes kan ook werkers in hul eie midde, bv huishulpe, tuinwerkers ens die geleentheid te bied om die rekenaar te bemeester, klere te maak of te leer motor bestuur
- o Lidmate van ringsgemeentes wat nie rekenaar geletterd is nie, kan in groepe rekenaaropleiding boek

Voordele vir Anchor of Hope Gemeente

- o Die gemeente staan bekend as 'n plek waar mense met onderrig gehelp kan word en nie-gelowiges word ook gelok
- o Bied geleentheid vir gemeentelide van AoH, fasiliteerders/vrywilligers om binne veilige ruimte geestelike gesprekke met mense te voer wat dalk andersins onbereikbaar is.

c) Begunstigdes/ studente (teikengroep)

Die fokus is primer op inwoners van Sentraal, Richmond Hill en omgewing hoewel baie studente vanuit ander areas so ver soos die Noordelike voorstede en Motherwell ook klasse bywoon. AoHCD bedien almal, ongeag taal of herkoms, wat die Here oor ons pad stuur - die wat die Here ken maar veral die wat Hom nie ken nie - vreemdes, armes, gemarginaliseerdes, ongeskooldes, veral vroue (die moeders van die volgende geslag). Baie van die mense is jong mense. (staats definisie – 20 tot 35 jariges) hoewel daar ook baie ouer vroue is wat die naaldwerk klasse bywoon. Die naaldwerk klas word ook deur kinders bygewoon. AoHCD kry baie goeie terugvoer van studente oor die vaardighede wat hul aanleer maar baie het ook te doen met waardering vir persoonlike groei agv persoonlike aandag en mense wat bereid is om 'n pad met hul te stap. Vir baie is AoHCD hul “go to place - the place where they belong”. Leerders word uitgenooi om ook by gemeente aktiwiteite betrokke te raak byvoorbeeld huweliksverryking of Bybel studies.

Hoewel die studente getalle oor die afgelope jaar opgetel het, is ons nog geensins terug op pre Covid vlakke nie weens verlies aan werk/ inkomste.

AoHCD groei hoofsaaklik deur “word of mouth” en is gebaseer op die bou van verhoudinge en dit neem tyd. AoHCD is nou in 'n fase van heropbou.

Voordele vir die begunstigdes

- o Toegang tot volwasse onderrig geleenthede teen gesubsidieerde kostes.
- o Verkryging van kennis en vaardighede wat spesifiek gemik is daarop om hulle in staat te stel om beter werk / besoldiging te kry wat armoede help verlig.
- o Hulle word ook gehelp met die voorbereiding vir werksaansoeke en onderhoude
- o Geleenthede word geskep om 'n inkomste te verdien met hul vaardighede (bv naaldwerk)
- o Leerders word bygestaan en ondersteun waar moontlik met klein besighede bv kleuterskool
- o Leerders met goeie potensiaal word ook aangemoedig om verder te studeer en waar moontlik word daar gepoog om hul in aanraking te bring met instansies of persone wat hul finansiële of andersins kan bystaan.
- o Suid Afrikaners kry die geleentheid om mense uit Afrika op 'n persoonlike vlak te leer ken. Buitelanders doen moeite om die plaaslike tale aan te leer en dit bring baie meer begrip en

aanvaarding. Dit bou nie net verdraagsaamheid nie maar ook vriendskappe wat die gees van xenofobie en rassisme teewerk.

d) Deeltydse personeel

Dian Roux, 'wat onlangs sy teologiese studies voltooi het, is verantwoordelik vir AoHCD se administratiewe en finansiële sake op 'n deeltydse basis. Hy hanteer die oudit, alle voorgeskrewe betalings byv CIPC, befondsing van die Metro, ens.

Voordele vir Dian

Hierdie werk bied hom baie geleenthede vir professionele, persoonlike en geloofsgroei.

e) Vrywilligers

Ons vrywilligers is hoofsaaklik middeljarige en ouer persone. AoHCD het tans 4 vrywilligers wat help met rekenaar klasse, naaldwerk, Engelse klasse en leerling lisensies. Die groot uitdaging is om vrywilligers te vind wat bereid is om 'n span saam te stel en bedienings areas te dryf. Daars soveel om te doen en so min hande. Die hulp van Ringsgemeentes sal baie waardeer word om gemeentedele aan te moedig om betrokke te raak.

Voordele vir Vrywilligers

- o Vrywilligers kry geleentheid om mense van baie volke en nasies te dien op hulle drempel
- o Meeste vrywilligers in diens van die Here getuig oor die seën en geestelike groei wat hulle ervaar.

Twee van ons vrywilligers was voorheen voltyds betrokke in sending werk en hul ondervinding is ook voordelig vir AoHCD.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Bestuur Leierskapsbyeenkoms – naweek van gebed en beplanning	Feb 2026
Vrywilligers - Evaluering van vrywillige diensgeleenthede deur huidige vrywilligers om te sien hoe AOHCD vrywilligers beter kan ondersteun - Meer en veral jonger vrywilligers moet gewerf word om betrokke te raak. Besoek gemeentes om te verneem of hul enige hulp in die verband kan verleen. - Betrek voormalige leerders om terug te ploeg in die "skool" wat hulle gehelp het deur 'n geleentheid te reel waar sodanige betrokkenheid bespreek kan word.	Einde 2025. Vroeg 2026 Einde 2025/ begin 2026
Befondsing - AoHCD doen jaarliks in Maart aansoek vir die Munisipale "Grant in Aid" - AoHCD bly in kontak met vriende van AOHCD wat jaarliks bydra tot die projek. - Stel databasis op van potensiele klein tot medium grootte besighede wat eenmalig of op 'n maandelikse basis kan bydra - Reel leergeleentheid vir bestuurslede en ander belangstellendes vir die skryf van befondingsaansoeke	Maart 2026 Deurlopend Begin 2026 en dan deurlopend
Programme - Geakkrediteerde Rekenaarsklasse - Learners training registration fee (10 leerders x 4 modules)	

insluitended notas, handleidings en sertifikate) • Annual BU registration • Skillswise - Nuwe program: 10 leerders • IT essentials - opleiding van fasiliteerder om klas oor te neem • Onderhoud van toerusting	Maart 2026 – Feb 2027
2. Naaldwerk projek • Aanbied van naaldwerk klasse • Gaan voort met die bemagtiging van die meer senior studente, om te help met die aanbod van klasse • Aankope van benodighede (materiaal, habidashery, verpakking materiale • Masjien onderhoud • Onderzoek nuwe entrepreneursgeleenthede deur huur van verkoopspasie na die huidige diensverskaffer finansiële probleme opgetel het • Bemaking van naaldwerk dienste bv, tafeldoeke vir kerke, gordyne, voorskoolse “graduation” klere, konsert kostuums vir skole met uitstuur van briewe / flyers aan skole en kerke in die omgewing • Onderzoek die uitbreiding van die klas met brei en hekelwerk of ander handwerk en werf vrywilligers om te help.	Maart 2026- Feb 2027 Kerke - Vroeg 2026 Skole - tweede kwartaal 2026 Begin 2026
3. Bestuurslisensies • Werf nog 'n vrywillige om met leerlinglisensie klasse te help • Bied klasse vir leerlinglisensies aan op kwartaalike basis. Leerders moet self hul toetsdatums bespreek en betaal. • Bekom fondse om te help met 'n R1,750 bydrae tot bestuurslisensies vir 6 persone. <i>(Die uitreiking van die Traffic Register Certificate aan buitelanders neem soms maande en vertaag die skryf van leerlinglisensie toetse)</i>	Kwartaaliks Maart 2026- Feb 2027
4. Engelse Klasse • Klasse sal deur 2 persone hanteer word op verskillende tye met een wat meer op die Frans sprekendes konsentreer. • Engelse klasse sal binne die gemeente (AoH)en in die wyer gemeenskap adverteer word (advertensies in gemeenskaps-winkels) • Bied Vlakte 1 Beginners en Vlak 1 Besigheids Engels aan • Help leerders om die English for Everyone aanlyn kursus op hul selfone te laai en moedig hul aan om dit daagliks te gebruik •	Deurlopend Maart 2026- Feb 2027
5. Skaak klasse en geleenthede • Bied skool kinders die geleentheid om te leer skaak speel om konsentrasie te verbeter, strategies denke en wiskundige vaardighede te stimuleer • Bied ouer persone wat skaak kan speel die geleentheid om sosiaal te verkeer en hul vaardighede op te skerp	Maart 2026- Feb 2027
6. Kookklasse en skaak • Vier (4) kookklasse word beplan een per kwartaal. 'n Deurlopende program kan nie aangebied word nie aangesien die bestandele te duur is Werf vrywilligers wat demonstrasies kan aanbied van kosse/ produkte wat verkoop kan word vir 'n addisionele inkomste	Kwartaaliks Vroeg 2026

Skaak - brei skaak program uit onder kinders en ouer mense	Deurlopend
7. Entrepreneurs kursus – Best Game (Gavin Levinson- Skillswise) • Soek befondsing vir 2-dag kursus vir 24 persone (R12 200) • Reel vir aanbieding van kursus aan diegene wat informele of klein besigheidtjies bedryf.	2de Kwartaal 2026

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Gillam Noeth - voorsitter AoHCD	AoH gemeente
Marinda Noeth - Naaldwerk projek, kos demonstrasies	AoH gemeente
Anna Namponya - Naaldwerk	Vanuit gemeenskap
Pat Benjamin -Naaldwerk	Vanuit gemeenskap
Carmie Jolley – Engelse klasse	Sherwood
Pascal - Engelse klasse vir franssprekendes	Frontline Ministry
Liesel du Plessis (Sekretaresse van AoHCD en Leerling lisensies)	Die Ring
Dian Roux - Administratiewe en finansiële bestuur en skaak	AoH gemeente
Benodig nog meer vrywilligers (ongeveer 10) word benodig wat koördineerder van die Accelerated Senior Certificate in sluit	Enige gemeente

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting benodig	Hoeveelheid
Heat press (R6500)	1
Skaakborde (R450)	3

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties “rek” om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron (voorlopig)	Bedrag
Munisipaliteit	20 000
Privaat donateurs	56 000
Befonsings aansoeke (ingesluit Dept Maatskaplike Dienste)	111 442
Leerder bydrae	16 100
Rente	500
TOTAAL:	R204 042

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem (voorlopig)	Bedrag
Oorhoofse kostes	
• Honorariums	98 910
• MWEB	7 244
• Ouditeure ingesluit CIPC_	12 600
• Skryfbehoeftes , drukwerk , sundries	6 000
• Bemarking & AGM	9 000
• Bank koste	5 040
• Versekering	7 825
• Sekuriteits bydrae	7 825
• Bydrae Water en ligte	29 938
• Sundries	1 500
Programme	
• Rekenaarklasse, IT benodighede & onderhoud	36 350
• Engelse klasse	2 740
• Naaldwerk	26 720
• Bestuurslisensies	11 150
• Entrepreneurs opleiding	12 200
• Kook demonstrasies, skaak	1 000
TOTAAL	R276 042

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	276 042
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	204 042
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R72 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
1 Maart 2026	R18 000
1 Junie 2026	R18 000
1 September 2026	R18 000
1 Desember 2026	R18 000
Totaal	R72 000

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie is 'n Ringsprojek. Ons wil regtig vra dat Ringsgemeentes hul lidmate vra om te oorweeg om by enige van die projekte betrokke te raak. Ons het nodig dat mense ons help met

- o Voorbidding
- o Hulle tyd en kundigheid om as vrywilligers te dien op enige terrein. Ons probeer altyd om ons vrywilligers se skedules te akkommodeer en hoe meer persone betrokke is hoe makliker is dit vir vrywilligers om onderlinge reelings te tref as hul nie beskikbaar is nie.
- o Bydraes bv naaimasjiene, omkapmasjiene en materiaal vir kledingstukke, "Phonics" hulpmiddels en opvoedkundige speletjies ens
- o Geleenthede om geld in te samel bv tafel by basaar / tafel by Kersmark, ens
- o Maandelikse bydraes soos 'n geloofsgelofte offer vanuit die gemeentes.
- o Gemeentelede kan ook die opleiding van leerders sponsor (bv aanneming van 'n leerder).

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - [5](#)

Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf